

FORMULIER VIR DIE AFLEGGING VAN BELYDENIS VAN GELOOF



Aan die gemeente

Geliefdes in die Here,

God het in Jesus Christus, ons Here, die verbond van genade met ons en ons kinders gesluit.

As kinders en erfgename het ons deel aan die volle rykdom van die weldade van hierdie verbond. Ons word egter ook tot gehoorsaamheid aan en aanvaarding van die verbond geroep. Daarom moet verbondskinders wanneer hulle tot die nodige insig gekom het, hulle geloof openlik in die midde van die gemeente bely. Hulle moet ook hulle voorneme bekend maak om deur die krag van die Heilige Gees die verbondsgemeenskap met God te onderhou.

Gelei deur die Gees van God en sy woord het hierdie broers en susters die kerkraad gevra om hulle geloof hier openlik te bely. Nadat hulle behoorlik onderrig en ondervra is, is die kerkraad daarvan oortuig dat elkeen van hulle toegerus is om tot so 'n persoonlike belydenis te kom.

Daarom word aan elkeen van hulle nou afsonderlik die geleentheid daarvoor gegee.

U kom nou hier voor die aangesig van God en in die midde van sy gemeente om u geloof te bely. Daarom versoek ek u om in alle opregtheid op die volgende vrae te antwoord:

1. Glo u in die enige ware God: Vader, Seun en Heilige Gees, in wie se Naam u gedoop is?
2. Glo en bely u dat al is u in sonde ontvang en gebore en al is u nog steeds tot alle boosheid geneig, u tog in Christus geheilig, deur die Vader tot sy kind aangeneem en deur die Heilige Gees tot 'n nuwe gehoorsaamheid opgewek is?
3. Glo en bely u dat die Ou en Nuwe Testament die Woord van God en die volkome leer van die Saligheid is, soos dit ook in die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke uitgedruk word en in die kerk hier geleer word?
4. Neem u u voor om deur die genade van God in hierdie leer tot die einde van u lewe standvastig te volhard, om die verbondsgemeenskap met God te onderhou, om Hom van harte lief te hê en in gehoorsaamheid aan sy Woord te dien? Neem u u ook voor om van die wêreld en sy begeerlikheid af te sien, om u lewe en u saligheid buite uself in Christus te soek en om so hierdie belydenis van u met 'n godvresende lewe te bevestig?
5. Beloof u, terwyl die volle gemeenskap met die kerk van Christus nou vir u ontsluit word, om as 'n lewende lid van die kerk die bediening van die Woord en van die sakramente ywerig op te soek, om u gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lidmate en tot die uitbou van die koninkryk van God te gebruik? Beloof u verder om u aan die Christelike vermaning en tug te onderwerp as u in leer of lewe sou oortree?

NN, wat is hierop u antwoord?

Antwoord:

Ja

Opwekking en
verwelkoming

Waar u hier openlik u geloof bely en God se verbondsbeloftes wat in u doop verseël is, aanvaar het, moedig ons u aan om hierin te volhard.

In die Naam van ons Here Jesus Christus heet ons u hartlik welkom in die volle gemeenskap met die volk van God. God van alle genade het ons tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus geroep. Mag Hy self, nadat ons 'n kort tyd gely het, u tot volmaaktheid bring, bevestig, versterk en grondves. Aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid. Amen.